

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 52: *Va'yelech* (ויילך) – En Moses Het Gegaan

Daarna het Moses gegaan en die hele Israel met hierdie woorde toegespreek. Deut. 31:1

Torah : Deut. 31:1 tot 30

Haftorah: Jes. 55:6 tot 56:8

Nuwe Verbond: 2 Thess. 2:3, 10 tot 12; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 4:3 en 4; 2 Peter 2:1 tot 3; Hand. 7:51 tot 60; Rom. 8:31 en 37; Efes 6:10; Fil. 4:13; 1 Pet. 5:10; Fil. 1:1 tot 2:30

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 50 wat afgelaai kan word by: [Parashah52Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

Leef elke dag asof dit jou sterwensdag is, maar beplan asof dit die eerste dag van die res van jou lewe is!!

Life is much like a book. The fool leaves through it casually; but the wise man reads it with thoughtful care, knowing that he can read it only once – Jean Paul.

Nobody can go back and start a new beginning, but anyone can start today and make a new ending – Maria Robinson.

The greatest need of this generation is a wholehearted return to the plan and purposes of God – Dr Richard Owen Roberts.

Midrash (Torah Bespreking)

Die Wildernis En Die Beloofde Land

Toe het Moshe na Y'hoshua geroep en vir hom voor die oë van die hele Yisra'el gesê: “Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal saam met hierdie volk in die land ingaan, wat יהרה' aan hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee en jy sal dit vir hulle gee as 'n erfenis. יהרה' is die Een wat voor jou uitgaan; Hy sal by jou wees; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang of ontmoedig wees nie. Deut. 31:7 en 8 – PWL.¹

YHVH het aan Abraham en sy nageslag (Israel) die landstreek Kanaän beloof – 'n land wat oorloop van melk en heuning (Gen. 15:18 tot 21; Ex. 3:8 en 17). Die voorwaarde van die belofte was dat Israel in alle opsigte aan YHVH gehoorsaam moet wees.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch; of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Julle moet die opdragte van יהוה, julle God, Sy getuïenisse en Sy reëls wat Hy julle beveel het, ywerig onderhou. Jy moet doen wat reg en goed is in die oë van יהוה sodat dit met jou goed mag gaan en jy kan ingaan en die goeie land kan besit wat יהוה aan jou vaders met 'n eed beloof het, deur al jou vyande voor jou uit te dryf; soos יהוה gesê het. Deut. 6:17 tot 19 – PWL.

Indien Israel YHVH se Torah, naamlik Sy onderrig en instruksies, nougeset en ywerig onderhou, sal hulle die land in besit neem deurdat YHVH Israel se vyande voor hulle uit sou dryf. *YHVH is die Een wat voor jou uitgaan; Hy sal by jou wees; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang of ontmoedig wees nie.*

Israel moes egter eers 'n wilderniservaring ondergaan voordat hulle Kanaän in besit kon neem. Dit was om hulle te verootmoedig – nederig te maak – en te beproef sodat YHVH aan hulle goed kan doen (Deut. 8:16).

Israel se swerftog het begin nadat hulle op 'n bonatuurlike wyse van die Egiptiese slawejuk bevry was en deur geloof in die geslagde lam. Israel was uit Egipte bevry, maar Egipte was nie uit Israel nie!! Hulle het na Egipte verlang (Num. 14:2) en het mense, die tien verkenners, eerder geglo as vir YHVH en sy beloftes (Num. 13:26 tot 33). Die nageslag (kinders) moes die prys betaal vir die vorige geslag se wantroue en ondankbaarheid

Na 'n swerftog van bykans veertig jaar is hulle op die punt om Kanaän binne te gaan en die land in besit te neem deur vertroue in YHVH wat belowe het om voor hulle uit te gaan en hulle nie in die steek te laat nie.

Onder die nuwe verbond belowe Vader YHVH ook vir ons 'n *beloofde land* – 'n lewe van oorvloed (Joh. 10:10). Hierdie belofte het egter ook, soos die ou verbond, voorwaardes van liefde, gehoorsaamheid en vertroue. Eerstens moet ons YHVH liefhê met ons hele wese en met al ons materiële vermoëns, en ons naaste liefhê soos onself. Tweedens moet ons soos wat Israel gehoorsaam was aan Moses (die Torah), so ook gehoorsaam wees aan Yeshua, die Lewende Torah. En, laastens, moet ons deur vertroue die beloftes – ons beloofde land – in besit neem.

Alvorens ons die 'beloofde land' – YHVH se beloftes – in besit kan neem, moet ons ook eers 'n wilderniservaring ondergaan om ons te verootmoedig en te beproef sodat YHVH aan ons goed kan doen.

Ons wildernis swerftog in hierdie wêreld het begin toe ons deur vertroue in Yeshua as die Lam van God op bonatuurlike wyse bevry is van die slawejuk van sonde. Soos Israel van ouds is ons ook bevry van die 'Egipte' van hierdie wêreld, maar moet ons nog leer om nie hierdie wêreld na te volg nie (nie terug te verlang nie), en moet ons denke vernuwe word sodat ons kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is (Rom. 12:2)

Daarom moet ons tydens ons wildernis swerftog leer om in gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is te lewe, terwyl ons heiligmaking nastreef, want sonder beide sal ons nie die Koninkryk van God beërwe nie!

Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. 1 Thess. 4:7.

Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand ons Meester sal sien nie. Heb. 12:14.

Nou is die vraag: Beteken dit dat indien ek die voorwaardes van die nuwe verbond nakom, en indien ek in alle erns 'n lewe van volmaaktheid en heiligheid nastreef, dat ek nooit probleme

en beproewings gaan ondervind nie? Nee, want elke gelowige in Yeshua as Messias het, net soos Israel, ook wilderniservarings van verootmoediging en beproewinge. Meestal gaan die in besit neem van YHVH se beloftes gepaard met beproewing. Hierdie beproewinge is toetse wat ons moet slaag voordat ons die beloftes in besit kan neem. Ons het wel die versekering dat elke probleem en beproewing in 'n oorwinning sal eindig.

Die wildernis (probleme en beproewinge) is die plek waar die eie ek sterf en waar vertrou en afhanklikheid van YHVH gevorm word. Die wildernis maak skeiding tussen die wat in die vlees lewe en die wat deur die krag van die Afgesonderde Gees lewe. Die beproewinge in die wildernis stroop elkeen van die eie ek en verander die wat God met volle oorgawe wil dien om gelykvormig aan Yeshua te word (Rom. 8:29). Elkeen se ware karakter kom na vore tydens beproewinge en versoekinge en dit is die tyd wat ons onself leer ken. Die wildernis is die plek waar God ons toets. God ken die uitslag, maar ons moet dit self ervaar.

יהוה is in Sy afgesonderde tempel; die troon van יהוה is in die hemel; Sy oë let op, Sy ooglede ondersoek die seuns van die mens. יהוה toets die regverdige en die wetsoortreder, maar Sy wese haat die een wat geweld liefhet. Hy sal oor die wetsoortreder vangnette, vuur en swael laat reën en 'n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees, want יהוה is regverdig; Hy het onpartydige opregtheid lief; die opregtes sal Sy Teenwoordigheid sien. Ps. 11:4 tot 7 – PWL.

Die smeltkroes is vir silwer en die oond vir goud, maar יהוה toets die binneste. Spr. 17:3 – PWL.

Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is – 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Yeshua Messias; 1 Pet. 1:6 en 7.

Die wildernis van beproewinge is die plek waar ek wel myself voor Vader-God verootmoedig en ondersoek om seker te maak dat ek al die voorwaardes vir die nuwe verbond, naamlik liefde, gehoorsaamheid aan Torah en vertrou in YHVH as my voorsiener nakom. In hierdie proses moet ek ook die volgende onthou:

- Geregtigheid en heiligheid het geen perk nie. Ek kan nie te gehoorsaam, te getrou, te ywerig, te gelowig, te liefdevol of te nederig wees nie. Ek moet wel balans handhaaf en my prioriteite reg hou.
- Gedeeltelike gehoorsaamheid en gemengde lojaliteit is nie totale oorgawe nie. Slegs algehele gehoorsaamheid en volkome lojaliteit is totale oorgawe. Dit vereis die sterwe van die eie ek – my wil, my belange en my siening moet plek maak vir dié van YHVH. Alleen dan kan God my verander om meer gelykvormig aan Yeshua te wees.
- Die bron van my vreugde en vergenoegdheid moet altyd my verhouding met die Vader wees en nie die vervulling van my eie begeertes nie. Die vervulling van my begeertes moet die resultaat wees van my verhouding met Vader-God en nie die resultaat van my eie vermoëns nie. Die bron van my vermoëns moet wel YHVH wees (Deut. 8:18).
- Vader-God se prioriteit is my verhouding met Hom. Daarom moet ek eers YHVH se Koninkryk en Sy geregtigheid soek, dan sal al die ander dinge waarvoor ek vra, bygevoeg word (Matt. 6:33).

- In my verhouding met YHVH gaan daar altyd dinge in my lewe wees wat teenstrydig met my vlees sal wees. Die Woord van YHVH gee dikwels aanstoot, want die vlees wil dit nie hoor nie. My vlees moet egter onderdanig wees aan my siel en my siel moet onderdanig wees aan my gees en my gees moet onderdanig wees aan die Afgesonderde Gees. Dit is YHVH se volgorde en wil vir elkeen. Dit is veral as dit die vlees pas, omrede hy daarvan hou, dat die vlees nie wil hoor wat YHVH se Woord sê nie, of dat die vlees homself wil regverdig.
- Baie belangrik: YHVH seën my met die doel om my meer gelykvormig aan Yeshua te maak. Die doel van YHVH se seënninge is nie dat ek maar net met my lewe kan aangaan soos voorheen nie. Nee, YHVH se seënninge moet `n innerlike verandering teweegbring wat uiterlik sigbaar moet word. Dit moet `n tree wees op die pad na volmaaktheid en heiligheid.

In die wildernis het Israel nie al die seënninge en voorregte van die beloofde land gehad nie. YHVH was egter steeds in hulle midde in die Tabernakel teenwoordig. Daaglik het hulle manna uit die hemel ontvang. In die wildernis het YHVH op 'n bonatuurlike wyse vir hulle gesorg. So ook is YHVH tydens ons wilderniservaring steeds in ons midde. Hy het ons nie verlaat nie. Hy sal op 'n wonderbaarlike wyse vir ons sorg. Daarom: Beproewinge bring verandering wat ons gereed maak om die beloftes in besit te neem.

Die vraag is die volgende: Is ek bereid om YHVH selfs in my wilderniservaring getrou te volg? Is ek bereid om myself te verootmoedig en YHVH se aangesig te soek met die doel dat Hy my eers verander sodat ek gereed kan wees om die beloofde land van beloftes en seënninge in besit te neem?

Vader-God se doel en wil vir jou en my is om die 'beloofde land' in besit te neem. Onthou egter dat dit beter is om in die wildernis saam met YHVH te bly as in die land Kanaän sonder Hom. Indien ons die beloofde land van beloftes en seënninge in besit neem moet ons seker maak dat YHVH saam met ons gaan en dat ons bevelvoerder Yeshua is!

Ons leef in die tyd wat die wederkoms van Yeshua op hande is. Daarom moet ons die woorde van Paulus onthou, naamlik dat al die dinge wat met Israel gebeur het as voorbeeld dien vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. Paulus voeg dan hierdie waarskuwing by: *Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie* (1 Kor. 10:11 en 12).

In hierdie tye moet ons egter ook nie hierdie woorde van Moses aan Israel vergeet nie:

Wees sterk en dapper; moenie vir hulle bang wees of bewe nie, want יהוה, jou God, is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Deut. 31:6 – PWL.

Moses herinner Israel om nie soos hulle ouers te huiwer om die Beloofde Land in besit te neem nie. As te ware gee Moses aan Israel die versekering dat hulle niks het om te vrees indien hulle YHVH met hulle hele wese liefhet en Sy Torah onderhou nie, *want יהוה, jou God, is 'n Magtige God wat omgee; Hy sal jou nie in die steek laat, jou nie vernietig nie en Hy sal die verbond met jou vaders, wat Hy aan hulle gesweer het, nie vergeet nie* (Deut 4:31 PWL).

YHVH is vir my; ek sal nie vrees nie: wat kan 'n mens my doen? YHVH is vir my as my helper; so sal ek dan neersien op die wat my haat. Ps. 118:6 en 7

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Rom. 8:31.

Vader-God sal saam met elkeen gaan wat na die stem van Yeshua luister – Hy sal ons nie in die steek laat of ons verlaat nie!! Hy sal ons vyande voor ons uitdryf. Dit sal nie deur krag of deur geweld wees nie, maar deur die Afgesonderde Gees van YHVH (Sag. 4:6).

Bepeins of Bespreek

1. Die geslag wat in Egipte in geloof die lam geslag en die bloed aan die deurkosyne gesmeer het, het in die wildernis gesterf en het dus nie die Beloofde Land in besit geneem nie! Dien hierdie as ‘n waarskuwing vir ons gesien in die lig van Yeshua se woorde in Matt. 7:13 tot 23, veral verse 21 tot 23? Is hierdie bevestiging dat redding vereis vertroue in Yeshua as die Lam van God **te same met** gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies? Bepeins of bespreek dit in die lig van Jak. 2:14 tot 26 – die nutteloosheid van vertroue sonder werke! Vergelyk dit ook met gelykenis van die vyf verstandige en die vyf onverstandige maagde (Matt. 25:1 tot 13).
2. Wie bepaal die omvang en intimiteit van ‘n verhouding met YHVH? Is dit die mens of is dit YHVH?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.